CAPE WEST COAST Swartland Tourism

Nuusbrief Junie 2011

Tourism greetings to all of you!

Die winter is hier met sy korter dae, langer nagte, ekstra klere, minder tyd, meer verkoues. Hierdie seisoen is vir die meeste mense nie 'n lekker tyd nie, maar vir ander beteken dit ekstra tyd binnenshuis; saam met die kinders, hul huweliksmaats en natuurlik die snoesige aande voor die kaggelvuur met 'n glasie rooiwyn, of dalk 'n sjerrie. Moenie vaskyk teen die koue nie - maak dit 'n winter om te onthou!

WACS

Die Wes-Afrika Kabelstelsel het op 19 April 2011 in Yzerfontein aan land gekom - na 13 ander landingstasies langs die weskus van Afrika. Van hier gaan die kabel padlangs tot in Kaapstad. Die kabel is 14 000km lank - en het die hoogste spoed-ontwerp in Afrika - 5.1 teragrepe per sekonde. Die kabel het begin in Brittanje, Portugal, Kanariese Eilande, Kaap Verdiese Eilande, Ivoorkus, Ghana, Togo, Nigerië, Kameroen, Kongo-Brazzaville, Kongo-Kinshasa, Angola, Namibië en eindig in Suid-Afrika. Verskaffers van telekommunikasiedienste sal toegang hê tot goedkoper data en internetbeskikbaarheid.

YZERFONTEIN KREEF DERBY

Die jaarlikse Kreef Derby het op die Saterdag, 23ste April (Paasnaweek) plaasgevind. Sowat 80 bote met hul bemanning het deelgeneem. Groot pryse is gewen. Die kreefseisoen het ook op 25 April 2011 gesluit en open weer in November.

YZERFONTEIN KARAVAANPARK STATISTIEK VIR APRIL 2011

Oor paasnaweek en die daaropvolgende langnaweek was daar 449 karavane met 4 persone per karavaan by die kampeerplek, dus 1 796 persone. Daar was ook 1 432 nagte beset gedurende April 2011.

TOUR DE AFRIQUE

62 fietsryers, van oor die hele wêreld, arriveer in Yzerfontein op 13 Mei 2011, nadat hulle vanaf Kairo in Egipte, deur Afrika, tot in Kaapstad ry. Soos gewoonlik oornag hulle in die Yzerfontein karavaanpark. Hulle word vergesel deur groot vragmotors wat ingerig is as kombuise, met 'n sjef, om al hul maaltye te berei. Met hul aankoms, die 14de Mei 2011, in Bloubergstrand, het 'n groot groep plaaslike fietsryers by hulle aangesluit om die nuwe fietsrybaan, tot in Kaapstad, in gebruik te neem.

DARLING HALF MARATON

Hierdie *Road Running* gebeurtenis wat elke jaar in Darling plaasvind, was hierdie jaar op die 21ste Mei gehou en weereens as baie suksesvol aangeteken. Die betrokkenes was behoorlik geprys vir hulle goeie organisasie. Alhoewel geen spesifieke getalle van die ouditeure ontvang is nie, is die organiseerders oortuig daarvan dat die berekeningde toename tussen 16 en 20% op verlede jaar se syfers is. Dit beteken dat daar baie meer deelnemers was asook families en vriende wat Darling self besoek het, en dit is goeie nuus vir almal in Toerisme.

Die nuwe 10km roete was 'n goeie byvoeging tot die bestaande gebeurtenisse (die 21km half maraton, 5km pretdraf en die Doggie Dawdle). Die brawe hardlopers wat die nuwe roete het dit as uitdagend en genotvol beskryf.

Die besighede in Darling het vrygewiglik donasies gegee vir pryse nl: wyn, akkommodasie, biltong, 'n pakkie van Darling olywe, 'n piekniek mandjie, geskenkbewyse, afstandbeheer helikopters wat gloei in die donkerte, en die kinders se gunsteling: 'n fiets. Hierdie kwalitiet pryse reflekteer baie goed op die gebeurtenis self asook op die Darling handelsmerk.

Besoekers van buite die dorp was aangeraai om verskeie van die ander aktiwiteite wat in die dorp aangebied word, te geniet. Dus het die restaurante in die hoofstraat hoër volumes van besoekers op Saterdagmiddag beleef, en van die besoekers het ook oornag om die Darling lewensstyl te ervaar.

DARLING MUSEUM OPE-DAG

Darling Museum het ook hulle jaarlikse ope-dag op Saterdag, 21 Mei gehou. Aangesien die geleentheid saam met die jaarlikse half maraton gebeurtenis geval het, het die Museum 'n toeloop van plaaslike asook buite besoekers gehad. Om die Internationale Museum Dag, wat elke jaar op die 18de Mei gehou word, te vier, was geen ingangsfooie gevra nie.

Plaaslike kunstenaars het hulle talente kom vertoon deur hulle tradisionele kunswerke soos weefwerk, spinwerk, geparsde blomme, hikelwerk, en verskeie kunswerke uit te stal. San juwele, seep makery, kaas en botter makery was ook gedemonstreer, asook van die ander kunswerke, wat besoekers baie interessant gevind het.

Besoekers was ook die geleentheid gebied om 'n persoonlike ontmoeting met van die uile asook die Swart Arend te hê. Hierdie voëls is van Eagle Encounters, 'n voël van prooi rehabilitasie sentrum wat net buite Stellenbosch geleë is.

Vriende van die Museum het heerlike gebak vir die besoekers gemaak om te geniet in die nuwe teetuin, en daar was allerhande vreemde, interessante en gebruiklike items by die *car boot sale* oorkant die pad te koop.

TOERISME INDABA 2011: 7-10 MEI

Die gemoed by die grootste reis en toerisme skou in die Suidelike halfrond, wat vanaf die 7de tot en met die 10de Mei plaasgevind het, was ongelooflik postief. Danksy die FIFA Wêreldbeker, wat in 2010 regoor Suid-Afrika plaasgevind het, het hierdie handelskou op 'n sterk rug gery.

Tydens Indaba, het Suid-Afrika se Minister van Toerisme, Marthinus van Schalkwyk, gesê dat mense die tower bestandeel is wat toerisme verskillend maak van elke ander ekonomiese sektor, en dat dit ook die sleutel is tot die sukses van die nasie se toerisme ontploffing.

Mnr. Marthinus Van Schalkwyk: "When we talk about tourism, we often talk about policies, statistics and objectives. Tourism is much more than that. Tourism is about people. The magic ingredient that differentiates tourism from every other economic sector is people."

Links: Minister Allen Winde (derde persoon van links) was soos ouder gewoonte weer een van die mees gunsteling besoekers aan die Weskus Toerisme stalletjie.

Regs: Die Kaapse Weskus Swartland Toerisme streek was goed verteenwoordig deur Dianne Le Roux van Darling Toerisme en Ilse Loock van Swartland Munisipaliteit.

'n Goeie verskeidenheid produkte, saam met die streke, het weer Indaba bygewoon nl: die Heuningvlei Donkiekar Roete, Strandkombuis opelug restaurant, Duinepos Chalets, Shelley Point Hotel & Spa, Virosatours en Draaihoek Lodge. Ten spyte daarvan dat hierdie jaar se skou wel stiller as die vorige jare was, is die bywoners oortuig daarvan dat hulle meer besigheidstransaksies kon klink.

RIEBEEK VALLEI OLYFFEES 7-8 MEI 2011

Riebeek Vallei Toerisme Organisasie: Ons is bly om verslag te gee dat hierdie jaar se Olyffees weer 'n wonderlike ervaring vir ons as Inligtingskantoor was. Dit was baie aangenaam om tot diens te kon wees vir soveel besoekers wat deur ons deure gekom het. Komplimente oor die mooi van die Vallei, was links en regs uitgedeel en die besoekers het ons bewonder oor die feit dat ons in "n stukkie van die hemel' bly.

Nou, twee weke na die fees, ontvang ins steeds oproepe en e-posse van die feesgangers wat ons vertel van watter fantastiese ondervinding hulle gehad het, deur die Olyffees by te woon. Ons het ook kommentaar, vrae en besorghede ontvang wat ons kan help om ons Fees te verbeter. Tot nou is die fees beskryf as "een van sy sort…", "baie goed georganiseer…" "'n Fantastiese fees wat vir oud en jonk voorsiening maak…"

HARTLIK DANK

Aan die Kaapse Weskus Swartland Toerisme Komitee en beamptes. Ek wil graag elke komitee lid en toerisme beampte bedank vir die samewerking en ondersteuning gedurende hierdie tydperk. Ek is dankbaar vir die geleentheid wat my gebied is om as Kaapse Weskus Swartland streektoerismebeampte die Swartland en Weskus streek te verteenwoordig.

Gedagte:

God is in beheer, selfs in wintertye. Alles word gebruik om ons te vorm, te vorm na meer van Jesus. Geniet God se winter.

Aan al die Toerisme Aanhangers; laat Toerisme vir JOU werk hier in die Swartland.
Hiermee groet ek dan,

Wilna Liebenberg
Regional Tourism Official